

VRYSTAAT LANDBOU NUUSBRIEF



Reën bring verligting, maar ...

Gesaaides in die Wes- en Oos-Vrystaat is in gedrang weens erge vloedskade wat deur abnormale reën gedurende Januarie 2022 veroorsaak is.

“Dringende ingryping gaan nodig wees om te help om vloedgeteisterde boere op hul grond te hou”, meen Jakkals le Roux, Vrystaat Landbou (VL) se verteenwoordiger in die Nala-munisipaliteit. Enorme vloedskade is ook tussen Hertzogville en Christiana, en tussen Bultfontein en Wesselsbron aangemeld.

Ook die Oos-Vrystaat het erg deurgeloopt en boere meen dat aanplantings groot skade gelei het.

Vrystaat Landbou het ’n dringende beroep op die departement van landbou gedoen om personeel te mobiliseer om ’n assessering van die omvang van die skade te doen. [Lees verder](#)

*Dringende
ingryping gaan
nodig wees om
vloedgeteisterde
boere op hul
grond te hou...*



Paaie verkrummel

Vrystaat Landbou verwelkom die nasionale vloedramp-klassifikasie wat op 20 Januarie 2022 uitgereik is en sê die feit dat die Nasionale Rampbestuursentrum (NDMC) beheer oor die nasionale ramp oorgeneem het, bemoedigend is.

Ons doen egter 'n dringende beroep om fondse aan die Departement van Paaie te herallokeer vir onmiddellike ingryping aan ons Vrystaatse paaie wat deur die vloede vernietig is. Sien [video](#)

Indien die departement van Polisie, Paaie en Vervoer ons paaie oor die afgelope 5-15 jaar behoorlik onderhou het, sou die omvang van die skade nie so erg gewees het nie.”
meen Armour.

Deursigtigheid in die allokering van fondse is nou krities, sê Armour, gegewe die geskiedenis van korrupsie in vorige ramp toedelings.

[Lees hier verder](#)

Ons doen 'n dringende beroep om fondse te herallokeer vir onmiddellike ingryping aan ons Vrystaatse paaie.



Vrystaat veiligheid in 2021

Alhoewel die Vrystaat 'n afname in plaasaanvalle en -moorde gesien het in die jaar 2021, het daar steeds 64 plaasaanvalle plaasgevind wat 8 moorde insluit.

Die skakeling van inligting deur beide boerderygemeenskappe en veral waar daar Plaaswag strukture en of Beheerkamers in boerderygemeenskappe bestaan, in samewerking met kernrolspelers in die SAPD, speel 'n belangrike rol ten einde voorkomend gerig te wees.

Die volledige verslag is [hier](#) beskikbaar. (Gebruik u VL lidnommer om in te teken)

In 19.64% van plaasaanvalle is arrestasies uitgevoer, terwyl in 50% van plaasmoorde arrestasies uitgevoer was.

Veiligheid opleiding begin binnekort

Vrystaat Landbou, in samewerking met die privaat sekuriteitsmaatskappy, LGV, gaan vanaf Februarie 2022 begin om instrukteurs op te lei in dorpe langs die Lesothogrens.

Dit is net nog 'n poging vanaf Vrystaat Landbou om ons landbougemeenskappe te beveilig. Navrae kan gerig word aan jane@vslandbou.co.za



Minimum Loon bevraagteken

Vrystaat Landbou het in 'n omvattende skrywe weereens sy ongemaak beklemtoon en kommer teenoor die Nasionale Loonkommissie uitgewys, na aanleiding van aanbevelings deur die Kommissie aan die Minister van Indiensneming en Arbeid.

Vrystaat Landbou het duidelik uitgewys dat die organisasie die voorgestelde loonverhoging geensins ondersteun nie.

Die volledige skrywe is [hier](#) beskikbaar. (Gebruik u VL lidnommer om in te teken)

Diensverskaffer

S

Ons wil graag vir ons lede meer waarde toevoeg.

Ons het 'n platform op ons webtuiste geskep waar instansies/maatskappye wat produkte en / of dienste relevant tot landbou bied, kan registreer.

[Kliek hier](#)

Vrystaat Landbou, in samewerking met die privaat sekuriteitsmaatskappy, LGV, gaan vanaf Februarie 2022 begin om instrukteurs op te lei in dorpe langs die Lesothogrens.

Dit is net nog 'n poging vanaf Vrystaat Landbou om ons landbougemeenskappe te beveilig. Navrae kan gerig word aan jane@vslandbou.co.za